higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 2

(11011042)

7 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 3 addenda van 6 bladsye.

128Q1N2207

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Voltooi die tabel hier onder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

UNESCO-WÊRELDERFENISTERREIN	TOERIS-KATEGORIE	SOORT VERBLYF	PROVINSIE	TERREIN-KLASSIFIKASIE
iSimangaliso-moeraslandpark	1.1.1	Rugsak	1.1.2	Natuurlik
1.1.3	Groot begroting	1.1.4	Vrystaat	1.1.5
Wieg van die Mensdom	1.1.6	Gastehuis	1.1.7	Kultureel
1.1.8	Individuele massa	1.1.9	Noord-Kaap	1.1.10

(10 × 1) (10)

1.2 Bestudeer ADDENDUM A (aangeheg) en beantwoord die volgende vrae:

1.2.1 Noem VYF faktore wat die hotel in ADDENDUM A negatief kan beïnvloed. (5)

1.2.2 Noem DRIE dienste wat hierdie hotel aan gaste bied. (3)

1.2.3 Hoe het hierdie hotel sy reputasie gebou? Haal uit ADDENDUM A aan. (2 × 1) (2)

1.2.4 Gee DRIE riglyne aan die hotel wat personeel in gedagte moet hou om hul diens te verbeter. (3 × 2) (6)

1.2.5 Noem VIER diensverskaffers waarvan Southern Sun Elangeni & Maharani gebruik kan maak. (4)

[30]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 ’n Ontdekker reis vir sakedoeleindes.

2.1.2 ASATA verteenwoordig alle reisagente in Suid-Afrika.

2.1.3 Die Blou Trein is deel van die publieke sektor.

2.1.4 Oorafhanklikheid van toerisme is 'n voorbeeld van 'n omgewingsimpak op toerisme.

2.1.5 Die hoofstad van die Noord-Kaap is Upington.

2.1.6 Bloemfontein staan as die Rosestad bekend en is die regterlike hoofstad van Suid-Afrika.

2.1.7 IATA is die akroniem vir die Independent Car Rental Association.

2.1.8 Flysafair kan as 'n foefielose ('no-frill') lugredery geklassifiseer word.

2.1.9 Die grootste dam in Suid-Afrika is die Gariepdam.

2.1.10 Die Augrabieswaterval is in Gauteng geleë.

(10 × 1) (10)

2.2 Beantwoord die volgende vrae deur die korrekte antwoorde te kies uit die lys hier onder.

AIG Travel Insurance Brokers; OR Tambo Internasionale Lughawe; Departement van Binnelandse Sake; Rennies Bank

2.2.1 Noem TWEE steundienste in die privaat sektor.

2.2.2 Noem TWEE steundienste in die openbare sektor.

(2 + 2) (4)

2.3 Verduidelik die volgende soorte reisagente:

2.3.1 Inkomende reisagent

2.3.2 Uitgaande reisagent

2.3.3 Binnelandse reisagent

(3 × 1) (3)

2.4 Bestudeer ADDENDUM B (aangeheg) en beantwoord die volgende vrae:

Marksegmentering is een van die belangrikste strategieë wat ArrangeMy Escape kan gebruik om hul produk aan verbruikers te bemark.

2.4.1 Definieer die term *marksegmentering*. (3)

2.4.2 Hoekom is daar 'n behoefte aan marksegmentering in ArrangeMy Escape? (2)

Kopiereg voorbehou

2.4.3 'n Produk, soos ArrangeMy Escape, gaan deur 'n lewensiklus.

(a) Identifiseer die fase waarin ArrangeMy Escape is. Staaf jou antwoord. (1 + 2) (3)

(b) Noem die ander VIER fases van die produklewensiklus. (4)

2.4.4 ArrangeMy Escape kan as 'n kleinhandelreisagent geklassifiseer word. Is hierdie stelling waar of onwaar? (1)

[30]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer ADDENDUM C (aangeheg) en beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Definieer die term *toeris*. (2)

3.1.2 Gee VYF redes waarom toeriste Suid-Afrika besoek. (5)

3.1.3 Hoe bevoordeel hierdie toeriste Suid-Afrika ekonomies?

Noem VYF voordele. (5)

3.1.4 Hoe kan die behoeftes van hierdie toeriste bevredig word? Gee DRIE voorstelle. (3 × 2) (6)

3.1.5 Omgewingsdravermoë is belangrik in ekotoerisme, aangesien dit die omgewing beskerm en die negatiewe omgewingsimpak verlaag.

Verduidelik die term *dravermoë.*

(2)

3.2 ’n Kliënt wil die top 10-ervarings ervaar soos in ADDENDUM C (aangeheg) geïdentifiseer.

Kies ’n attraksie uit KOLOM B om by ’n ervaring in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.2.1	Natuurskoon	A	Two Oceans-akwarium
3.2.2	Wynlande	B	Golden Gate Hooglande Nasionale Park
3.2.3	Safari’s	C	Kaapstad Internasionale Konferensiesentrum
3.2.4	Nasionale Krugerwildtuin	D	Gauteng
3.2.5	Struggle-terreine	E	Sun City Wellness & Health Spa
3.2.6	See-aantreklikhede	F	Stellenbosch
3.2.7	Kennismaking met plaaslike mense	G	Mpumalanga
3.2.8	Buiteluggenot	H	St Francisbaai
3.2.9	Stimuleer die sintuie	I	Addo Olifantpark
3.2.10	Stadsritmes	J	Hector Peterson-gedenkteken
		K	Basotho Kultuurdorpie
		L	Langa Township-toer

(10 × 1) (10)
[30]

VRAAG 4

4.1 Sarah is tans besig met haar eindeksamen van Verslag 191 Toerisme by TBOO Suid-Kaap Kollege. Haar dosent plaas die volgende advertensie op hul WhatsApp-groep:

Virtuele reiskonsultant

Your Travel Basket (Ltd), Suid-Afrika

Reisagentskap

- Doen navorsing oor, verken en bestudeer verskillende reisbestemmingsopsies
- Doen navorsing oor bestemmings en reispryse, gebruike, weerstoestande, resensies, ens.
- Doen navorsing oor en bestudeer kliënte se spesifikasies en wense
- Stel geskikte reisopsies vir kliënte se behoeftes voor
- Beplan en organiseer reise
- Bespreek kaartjies en verblyf en reël huurvervoer
- Gee inligting en bied nuttige reismateriaal soos gidse, kaarte en geleentheidsprogramme
- Samel deposito's en saldo's in
- Bied en bevorder verskillende dienste en aanbiedinge
- Bly op hoogte van die nuutste bedryfsneigings
- Woon webinare, konferensies en ander opvoedkundige programme by
- Ontwikkel en handhaaf verhoudings met kliënte

Soort indiensneming

Voltyds

[Bron: *https://za.linkedin.com/jobs/tourism-jobs*]

4.1.1 Identifiseer die bron waar die dosent hierdie advertensie gevind het. (1)

4.1.2 Beveel VIER ander bronne vir Sarah aan waar sy werksgeleenthede kan vind. (4)

4.1.3 Verduidelik VYF verantwoordelikhede van 'n reisagent volgens die advertensie. (5)

4.2 Verskillende hoëronderwysinstellings is beskikbaar vir individue wat 'n kwalifikasie in toerisme wil kry.

4.2.1 Identifiseer die instelling waar Sarah haar kwalifikasie voltooi. (1)

Kopiereg voorbehou

4.2.2 Noem VIER ander instellings waar Sarah sou kon studeer as sy nie die een wat in VRAAG 4.2.1 genoem word, bygewoon het nie. (4)

4.3 Beveel beskikbare loopbaangeleenthede vir Sarah in die volgende sektore aan:

4.3.1 Gasvryheidsektor

4.3.2 Reissektor

(2 × 2) (4)

4.4 Noem die organisasie wat die gehalte van onderwys in die werksplek verseker. (1)

4.5 Daar is verskillende staatsliggame wat 'n rol in die toerismebedryf speel.

Gee die volle naam van die volgende organisasies:

4.5.1 TBCSA

4.5.2 SATI

4.5.3 ANTOSA

4.5.4 ASATA

(4 × 1) (4)

4.6 Beskryf DRIE rolle van die Departement van Omgewingsake en Toerisme.

(3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 5

5.1 Voltooi die tabel hier onder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

VORM VAN TOERISME	**BESKRYWING**	**VOORBEELD**
Avontuur	5.1.1	Rekspring
5.1.2	Verken die wêreld deur boeke of televisie	Travel Channel
5.1.3	5.1.4	Bo-Kaap
Donker toerisme	5.1.5	London Dungeon

(5 × 1) (5)

5.2 Identifiseer die volgende bronne van inligting wat toeriste kan gebruik om inligting oor attraksies en bestemmings te kry:

5.2.1



5.2.2



5.2.3



5.2.4



(4 × 1) (4)

5.3 Toerisme is een van die grootste bedrywe wat tot die ekonomiese groei van 'n land bydra.

5.3.1 Gee 'n definisie van *toerisme*. (2)

5.3.2 Verduidelik kortliks die interaksie tussen die toerismesektor aan die hand van 'n voorbeeld. (4)

5.3.3 Noem TWEE positiewe sosiale impakte van toerisme. (2)

5.4 Identifiseer die volgende as vervoer-, verblyf-, dienste- of attraksiesektor:

5.4.1 Courtyard Hotel, Port Elizabeth

5.4.2 Mango Airlines

Kopiereg voorbehou

5.4.3 Translux

5.4.4 Harvey World Travel

5.4.5 Pilanesberg Nasionale Park

(5 × 1) (5)

5.5 Attraksies kan as natuurlik, mensgemaak of sosiokultureel geklassifiseer word.

Verduidelik die verskil tussen *natuurlike attraksies* en *mensgemaakte attraksies.* (2 × 1) (2)

5.6 Beantwoord die volgende vrae deur die korrekte toeriste-attraksie te kies uit die lys hier onder.

Sun City; Howickwaterval; Juma-moskee; Voortrekkermonument; Gold Reef City; Bourke's Luck-maalgate

5.6.1 Noem TWEE natuurlike attraksies.

5.6.2 Noem TWEE mensgemaakte attraksies.

5.6.3 Noem TWEE sosiokulturele attraksies.

(2 × 3) (6)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

Southern Sun
ELANGENI & MAHARANI

Durban se bekendste hotel

'n Ikoniese hotel in Durban, die Southern Sun Elangeni & Maharani, nooi gaste om moderne voldiensverblyf aan Durban se sonnige kus te ervaar. Uitgestrekte uitsigte oor die Indiese Oseaan langs die 7 km-promenade skik reeds vir vyf dekades die toneel vir onvergeetlike vakansies en buitengewone geleenthede. Southern Sun Elangeni & Maharani beloof 'n onvergeetlike besoek in 'n moderne klassieke hotel.

Die hotel bied op 'n unieke manier sake- en spesiale geleenthede in 'n lewendige Noordstrand-ligging, wat grootskaalse geleenthede, groepverblyf, buitengewone lokale en naatlose diens insluit.

Die hotel, slegs enkele meter van Durban se Noordstrand, bied aanloklike en volledig toegeruste verblyf met 'n see-uitsig, 'n keuse van drie verhitte buiteswembaddens en 'n verskillende eetlokaal vir elke aand van jou verblyf – geen wonder ons gaste keer jaar ná jaar terug nie.

Ervaar persoonlike diens van een van Suid-Afrika se grootste en gewildste hotelle. Ons het ons reputasie gebou deur die standaard vir diens en persoonlike aandag te stel.

Dienste en geriewe
Buiten die gemak van jou kamer, die uitsig en die keuse van eetplekke, is dit ons diens wat jou verblyf werklik onvergeetlik sal maak.
By Durban se aanloklikste kusbestemming skep die verskeidenheid geriewe en dienste die atmosfeer van 'n oord. Skoonheid en welsyn word in die interne Mangwanani Boutique Spa, Hair Salon en Aqua Escape Healing & Beauty Salon gepamperlang. Sakevereistes word in die voldiens-sakesentrum hanteer en vakansiegees word vanaf die stand op ons drumpel tot by die swembad op ons dak verseker.
Vir sommige dienste is 'n fooi betaalbaar. Doen asseblief navraag hieroor wanneer jy enige dienste gebruik. Diensaanbiedings is onderhewig aan verandering.

Eet uit, bly in
'n Keuse van Durban se beste kusrestaurante
Southern Sun Elangeni & Maharani is die tuiste van vyf eiesoortige eetplekke wat omvattende spyskaarte bied, met bekroonde steaks, klassieke skemerkelkies en kunsbier, kafeekultuur en 'n uitsonderlike buffet. 'n Verskeidenheid smake en eetervarings word in ons hotel gebied, elkeen met 'n ander spyskaart en met 'n unieke inslag. Vergeet van vaal hotelkos en siellose kafeteria-styl etes. Ons bied van Durban se beste kusrestaurante en -kroeë in die gemak van een hotel.

[Bron: *https://www.tsogosun.com/southern-sun-elangeni-maharani*]

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM B


19th & 20th January 2018
arrangeMY
ESCAPE
Grand Opening
Worcester's new family-owned
independent travel agency
Spa Treatments | Wine, Cheese & Cupcakes
Virtual Reality experience | Win Flights for 2
12 Mealcheapen Street, Worcester
arrangemyescape.com

ADDENDUM B (vervolg)



Kopiereg voorbehou

ADDENDUM C

Hoekom besoek toeriste Suid-Afrika?

Suid-Afrika se aantrekkingskrag

Afrika het 'n verleidelike aantrekkingskrag vir talle aspirantreisigers, en Suid-Afrika se reputasie as 'n bestemming wat 'n omvattende verskeidenheid asemrowende vakansies en ervarings deur die jaar heen bied, asook Eerstewêreldse infrastruktuur, bring steeds al hoe meer besoekers na ons uitstekende strande, wêreldberoemde wildreservate, dramatiese berge, gesofistikeerde stede, historiese strydvelde, groot en klein halfwoestyne, oop ruimtes, asemrowende (dikwels letterlik) avontuuraktiwiteite en vele meer.

Bekostigbaarheid

Dit is baie bekostigbaar om na Suid-Afrika te reis, aangesien die Suid-Afrikaanse rand goeie waarde vir geld bied teen groot internasionale geldeenhede soos die dollar, die euro, die Britse pond, die jen en die joean.



Suid-Afrika bied onvergeetlike ervarings

Unieke en onvergeetlike ervarings

Suid-Afrika bied tallose wonders en ervarings. Daar is werklik iets vir almal.

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM C (vervolg)

TOP 10-REDES OM SUID-AFRIKA TE BESOEK

- Bekostigbaarheid
- Wilde diere
- Strande
- Natuurskoon
- Vriendelikheid
- Weer
- Avontuuraktiwiteite
- Geskiedenis
- Uitstekende toeriste-infrastruktuur
- Verantwoordelike toerisme

Top 10-ervarings

Natuurskoon

Suid-Afrika bied van die uiteenlopendste en skouspelagtige natuurtonele ter wêreld. Stel jou myle se goue strande en ongerepte kuslyn, dramatiese berge en bergpasse, 19 nasionale parke, wildreservate propvol grootwilddiere en honderde voëls, antieke woude, halfwoestyne, oseane en riviere, golwende grasvelde en natuurlike blomvelde voor – almal maklik toeganklik en gereed om verken te word.

Wynlande

Suid-Afrika se wingerde maak reeds vir meer as 300 jaar van die beste wyne ter wêreld. Wynstreke strek van die Wes-Kaap tot die Noord-Kaap, waar jou kliënte wyn by wêreldberoemde landgoedere of taamlik onbekende juwele kan proe, of ons beroemde port- en brandewynroetes kan besoek. Waar daar lekker wyn is, is daar ook lekker kos – so gesondheid en bon appétit!

Safari’s

Suid-Afrika bied van die beste en toeganklikste safaribestemmings ter wêreld. Besoekers kan hulself bederf met ’n allesomvattende safari by wêreldklas-, bekroonde privaat lodges, begeleide wildstoere onderneem, of sonder begeleiding by een van ons fantastiese wildryke privaat reservate of nasionale parke bly. Hulle sal die Groot Vyf by talle hiervan vind – buffel, olifant, leeu, luiperd en renoster.

Kopiereg voorbehou

Nasionale Krugerwildtuin

Ongeëwenaard. Hierdie wildtuin, so groot soos Israel of Wallis, bied verskillende verblyfopsies vir alle begrotings. Dit is een van die wêreld se oudste en bekendste wildreservate en is volop wilde diere. Kliënte kan self bestuur, wat 'n wonderlike opsie is – dit is 'n unieke ervaring om stadig in 'n pad af te ry en trompop met 'n trop olifante, kameelperde, leeus of sebras, 'n enkellopende luiperd of 'n groot renoster kennis te maak. Moenie bekommerd wees nie: Sê jou kliënte aan om in die motor te bly, die dier se ruimte te respekteer, en net foto's te neem.

Struggle-terreine, rotskuns en historiese slagvelde

Jou kliënte kan ons vooraanstaande struggle-terreine en museums besoek en in die voetspore van 'n paar van die grootste vryheidikone in die moderne geskiedenis, soos Nelson Mandela, Oliver Tambo en Mahatma Gandhi, volg. Suid-Afrikaanse rotskuns tel onder die beste ter wêreld en is baie toeganklik, en historiese slagvelde waar Boere teen Zoeloes, Zoeloes teen Britte, en Britte teen Boere geveg het, is volop.

See-aantreklikhede

Waar anders kan 'n mens langs 'n walvis seil of kyk hoe walvisma's en -babas bak en rol, verskillende soorte haaie in die oë kyk, hokduik met witdoodshaaie, deur vriendelike pikkewyne of springende dolfyne bekoor word, een van die beste skubaduik- en snorkelervarings in die wêreld ervaar, kyk hoe reuseskilpaaie eiers op verlate strande lê of hoe hul pasgeborenes die dolle jaagtog see toe aanpak?

Leer die plaaslike mense ken

Besoekers kan tyd in Soweto of 'n stadstownship deurbring (hulle sal verbaas wees deur die aktiwiteite en ervarings wat gebied word); oornag bly of 'n dag by 'n Zoeloe-kultuurdorpie deurbring; die ingewikkelde kralewerk, metaalnekringe en unieke geometriese muurkuns van die Ndebele-mense bewonder; die gasvryheid van 'n Suid-Afrikaanse plaas geniet; of net met plaaslike mense gesels waar hulle hul ook al bevind – jou kliënte sal aangenaam verras wees deur Suid-Afrikaners se openhartigheid en vriendelikheid teenoor besoekers.

Buiteluggenot

Meestal heerlike, sonnige weer, asemrowende liggings, talle opwindende avonture (soos die hoogste kommersiële brugsprong ter wêreld), vlotvaart, abseil, staproetes, perdry, valskermsweef en 4x4-roetes – Suid-Afrika is bekend as die avontuurkern van die wêreld.

Stimuleer die sintuie

Ontspan en word verkwik op die Suid-Afrikaanse manier. Besoekers sal gesondheids- en welsynsoorde oor die land heen kan besoek, waarvan talle internasionaal bekroon is. Talle gebruik inheemse olies en bestanddele om kliënte te help om te ontspan – by die strand, in die bos, by 'n hotel, of waar hulle ook al is.

Stadsritme

Ervaar die unieke ritme van ons stede op die maat van regstreekse kwaito, hip-hop of jazz by 'n plaaslike nagklub, kroeg of township-sjebeen; word vermaak in een van ons teaters; speel by ons luukse casino's; besoek ons unieke museums en kunsgalerye; doen inkopies in swierige winkelsentrums of Afrika-kunsmarkte; of eet in ons fantastiese restaurante.

[Bron: *https://saspecialist.southafrica.net/*]

Kopiereg voorbehou